



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRADE 9

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 30

TYD: 1½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A: OPSTEL (20 punte)
AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (10 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Skryfstukke moet beplan, geredigeer en geproeflees word. Maak gebruik van 'n vloediagram / kopkaart / sleutelwoorde. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat die finale produk geskryf is.
6. Nommer elke geskrewe teks volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
7. **Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel of opskrif.** Lees die instruksies by elke vraag oor die titel noukeurig deur.
8. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan by die skryfstuk neer.

LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.
9. Riglyne vir tydsbeplanning.
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 40 minute
10. Dit sal tot jou voordeel strek indien jou werk leesbaar en netjies is.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf **210 tot 250** woorde oor die onderwerp. (4 tot 8 paragrawe).
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

1.1 Dit is baie goed om aan sport deel te neem.
Skryf 'n opstel oor die voordele van sport.

[20]

OF

1.2 Behoort ons as tieners huistakies te doen?
Skryf 'n opstel en gee jou opinie hieroor.

[20]

OF

1.3 Suid-Afrika het soveel pragtige plekke.
Kies enige plek in ons land en skryf 'n opstel hieroor.

[20]

OF

1.4 Ek is so bly dat dit net 'n droom was.
Skryf 'n opstel oor hierdie droom wat jy gehad het.

[20]

OF

- 1.5 Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet by die kern van die prent pas.

1.5.1



[Uit: <http://www.google.com>]

[20]

OF

1.5.2



[Uit: <http://www.google.com>]

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf **140 tot 160** woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het vir die eerste keer in jou lewe in 'n taxi gery.

Skryf 'n brief aan jou vriend/in en vertel hom / haar van jou ervaring.

[10]**OF****2.2 NOTULE**

Die Graad 9-beplanningskomitee van julle skool het (17 Julie 2016) na skool ontmoet om onder andere die volgende te bespreek: Om 'n **Kersopvoering** te reël waarby die hele skool betrokke is, en om so fondse in te samel vir liefdadigheid.

Hieronder volg 'n AGENDA vir die vergadering van julle beplanningskomitee. Skryf nou die **NOTULE** van hierdie vergadering. Maak seker dat jy die volgende dinge onthou:

- 'n Hoofopskrif vir die notule.
- 'n Inleiding wat sê watter vergadering dit is wat julle hou en die dag, datum, tyd en plek.
- Die opskrifte vir jou notule moet pas by die opskrifte van die agenda.

AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoningsregister
3. Verskonings
4. Notule van die vorige vergadering
5. Nuwe sake
6. Algemeen
7. Datum van volgende vergadering
8. Afsluiting

[10]**OF**

2.3 DIALOOG

Jy wil graag in die mode wees en 'n moderne haarstyl hê. Jou ma en pa is baie streng en wil niks van 'n moderne haarstyl weet nie.

Skryf die **dialog** tussen jou en jou ma en pa neer. Onthou dat jy jou ouers moet oortuig om jou toe te laat om 'n moderne haarstyl te hê.

[10]**TOTAAL AFDELING B: 10****GROOTTOTAAL: 30**